

14 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 49:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 49:7

Ons getuigenis is nie verniet nie

God wil hê ons moet soos die profeet in Jesaja 49 met die swaard en pyl en boog vaardig wees. Dit gaan nie oor fisiese wapens nie, maar oor die vermoë om ons monde te gebruik om oor Hom te getuig. Ons moet 'n lig vir die nasies wees. Ons is die instrumente wat met ons lig-wees die pad van redding en hoop aantoon vir mense wat soekend en struikelend in die donker ronddwaal. Ons doen dit, omdat ons volgelinge van ons Here Jesus Christus is. Hy was as mens self 'n lig vir die nasies (Luk. 2:32) wat verlore en dwalende mense na God toe geroep het.

Dit is ongelukkig so dat wanneer ons die Woordswaard en -pyl gebruik, dit nie altyd die uitwerking het waarop ons hoop nie. Nie almal reageer positief op die evangelie nie. Baie lidmate, ouderlinge en dominees kan daarvan getuig. Wanneer ons min vrug op 'n gesprek, huisbesoek of evangeliseringsprojek sien, word mens maklik moedeloos. Jy kan voel jy het jou "tevergeefs vermoei" en "heeltemal verniet afgesloof" (Jes. 49:4). Dit is nie net ons wat nie altyd die vrug sien waarop ons gehoop en waarvoor ons gebid het nie. Dit het ook met ons Here Jesus gebeur. Ten spyte van sy prediking en wondertekens het nie almal wat Hom gehoor en gesien het, in Hom geglo nie.

Teleurstellings moet ons nie moedeloos maak nie. Ons verkondig tog nie die evangelie ter wille van onself nie. Ons doen dit, omdat ons aan ons Sender gehoorsaam wil wees. Die vrug bly ook nie uit nie, want daar sal 'n dag aanbreek dat alle mense – selfs konings – uit eerbied sal moet opstaan vir ons Koning in Wie se diens ons is. Daardie dag kom al hoe nader. Dié wete moet ons aanvuur om met groter ywer oor Hom te getuig (Jes. 49:7).

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Dr. EJ de Beer (Laeveld)